Begin van die Nuwe Testament

Testament of Verbond?

In **Matteüs 26:26-28** lees ons:

> *"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van **die nuwe testament**, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"* (My beklemtoning).

In die Afrikaanse Ou Vertaling word die Griekse woord *diathéké* met *testament* vertaal, terwyl van die nuwer vertalings die woord *verbond* gebruik. In klassieke Grieks was die woord gewoonlik in die konteks van die opstelling van 'n testament gebruik, 'n dokument wat 'n persoon voor sy dood opstel wat sy wil uitdruk wat met sy besittings na sy dood moet gebeur. Zodhiates bevestig dit deur wat hy omtrent die woord sê: "*There is ample evidence in papyri that this is the ordinary meaning in the New Testament."*
Ons moet toelaat dat Skrif Skrif verklaar en verduidelik – in die konteks van die gebruik van *diathéké* in **Hebreërs 9:16** is dit net *testament* wat sin maak:

> *"Want waar 'n testament* (*diathéké) is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word..."*

Daar is 'n belangrike verskil tussen 'n verbond en 'n testament – die woord *verbond* word dikwels in die Ou Verbond gebruik en dit verwys na 'n ooreenkoms wat tussen twee partye bestaan. So byvoorbeeld was die verbond tussen God en Moses gebaseer op die hou van die Ou Testamentiese wet (**Deut.28**). In teenstelling is 'n testament die eensydige uitdrukking van 'n testateur. *Vine's Complete Expository Dictionary* verduidelik die verskil tussen 'n verbond en 'n testament so:

> ***"...**diathéké primarily signifies a disposition of property by will..In contradistinction to the English word "covenant", which signifies a mutual undertaking between two parties or more, each binding himself to fulfil obligations, diathéké does not in itself contain the idea of joint obligation, **it mostly signifies an obligation undertaken by a single person"*** (My beklemtoning).

Omdat die betekenis van *diathéké,* testament, nie genoeg beklemtoon word nie, het dit veel gesag in die kerk verloor!

Wanneer het die Nuwe Testament van krag geword?

Sommige mense dink dat die begin van die Nuwe Testament aangedui word deur die skeiding wat daar in die Bybel gemaak word tussen Maleagi en die begin van Mattheüs. Ander weer dink dat dit met die geboorte van Jesus begin. Wat nie in rekening gehou word nie is die feit dat Jesus die Nuwe Testament eers in **Mattheüs 26:26-28** tydens die avondmaal aangekondig het:

> *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit, want dit is my bloed,* ***die bloed van die nuwe testament****, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"* (My beklemtoning)*.*

Ten tye van hierdie woorde was nog nie 'n druppel van Jesus se bloed gestort nie en moes dit dus 'n voorspelling gewees het van wat later met Hom op die kruis sou gebeur. Om die Griekse woord *diathéké* in **Hebreërs 9:16-17** dus met *verbond* te vertaal, pas gladnie in in die konteks van die hoofstuk nie. Die gebruik van die woord in die konteks van **Hebreërs 9:16-17** bepaal dus sy betekenis, "...*want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie"* **(Heb.9:17).** Die verklaring van hierdie Skrifgedeelte maak dit duidelik dat die Nuwe Testament van krag geword het met die sterwe van Jesus op die kruis. 'n Volle begrip van hierdie feit is nodig om die Bybel reg te verstaan. Baie van Jesus se uitlatings is nog in die konteks van die Ou Testament gemaak, want terwyl Hy nog geleef het was die Ou Verbond nog van krag.

'n Fisiese demonstrasie van die begin van die Nuwe Testament

In die Bybel sien ons hoe God geestelike waarhede deur middel van fisiese skadubeelde illustreer. So byvoorbeeld verduidelik Paulus in **1 Korinthiërs 10:4** die simboliese betekenis van die Rots waaruit water gevloei het toe dit deur Moses geslaan is (**Exodus 17)** – die Rots was 'n skadubeeld vas Christus. In **Johannes 3** maak Jesus ook gebruik van die skadubeeld van die koperslang op die paal **(Num.21:8-9)** om wedergeboorte te verduidelik.
Die betekenis van die skadubeeld van die skeuring van die voorhangsel in die tempel ten tye van Jesus se dood op die kruis is veelseggend. Die voorhangsel het God se teenwoordigheid vir die gewone mense afgesny. Net voor Hy op die kruis sterf, het Jesus uitgekreun, "*Dit is volbring"* (**Joh.19:30**). Wat was volbring? – die doel waarvoor Jesus aarde toe gekom het is volbring. Sy sterwe op die kruis het versoening gedoen vir sonde, maar dit het ook 'n nuwe bedeling geïnisieer, die bedeling van die Nuwe Testament. Die volle betekenis van wat Jesus volbring het, is simbolies geïllustreer deur die skeuring van die voorhangsel in die Joodse tempel **(Mattheüs 27:50-51).**

Die simboliese betekenis van die skadubeeld van die skeuring van die voorhangsel is veelseggend; dit illustreer die verdeling van die Bybel in twee dispensasies, die Ou Verbond en die Nuwe Testament. Die skeuring van die voorhangsel was 'n Goddelike teken wat die verdeling van die Ou en die Nuwe Testament geïllustreer het, die begin van 'n nuwe era. Verwysend na die rituele en gebruike van die Ou Verbond, stel **Hebreërs 9:8-10** dit so:

> *"Dit is voorskrifte wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n* ***beter orde*** *sou instel."*

Die Amplified Bible stel dit so:

> *"…For the ceremonies deal only with clean and unclean meats and drinks and different washings, mere external rules and regulations for the body imposed to tide the worshippers over until the time of setting things straight – of reformation,* ***of the complete new order*** *when Christ, the Messiah, shall establish the reality of what these things foreshadow, a better covenant"* (**Hebreërs 9:8-10**, my beklemtoning).

Die verdeling tussen die Ou Verbond en die Nuwe Testament lê dus nie tussen die einde van Maleagi en die begin van Mattheus nie, maar lê op die oomblik toe Jesus op die kruis verklaar "*dit is volbring"* en sterf.
Sonder 'n goeie begrip van die simboliese boodskap van die skeuring van die voorhangsel ten tye van Jesus se dood kan 'n mens nie ten volle die implikasies van die nuwe bedeling van die Nuwe Testament verstaan nie. As die veranderinge wat die oorgang van die Ou Verbond na die Nuwe Testament ernstig opgeneem word, behoort dit 'n radikale invloed op 'n mens se tradisionele konsep van kerk uit te oefen. As dít wat die geskeurde voorhangsel simbolies beteken nie die middelpunt van jou teologie vorm nie, is dit ook moeilik om te verstaan hoe die Bybel reg geïnterpreteer kan word. Ongelukkig ervaar sommige gelowiges as gevolg van menslike tradisies en praktyke wat nog op die beginsels van die Ou Verbond gebaseer is, nie ten volle die voordele van die nuwe orde nie.

'n Verandering van wet – Hebreërs 7:11-12

> *"As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was... waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?* ***Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet****..."* (**Heb. 7:11-12,** my beklemtoning**).**

Veranderinge van Ou Verbond na die Nuwe Testament

1. Mosaïse Wet, Deut.28	**1. Leringe van Jesus en die Nuwe Testament, Joh.8:31-32, Matt.7:24**
2. God het deur profete gepraat	**2. God het gepraat deur Sy Seun, Heb.1:1-2**
3. Plek van aanbidding – klip tempel in Jerusalem, Deut.14:23-24	**3. Die gelowige se liggaam word die tempel van die Heilige Gees, 1Kor.6:19, gees en waarheid, Joh.4**
4. Stelsel van bediening – Priesters met Aäron as Hoë Priester	**4. Nuwe priesterskap van alle gelowiges, Jesus, nuwe Hoë Priester, 1 Pet. 2:9**
5. Aäron, Hoë Priester, Lev.8:12-13	**5. Jesus, Nuwe Hoë Priester, Heb.7:11-17**
6. Offerhandes, Oor-en-oor,	**6. Eenmalige offer op die kruis,**

Lev.16:34	Heb.10:14
7. Net priesters mag van die offers eet, Ex.29:33	**7. Almal kan eet van die Nuwe Offer, Joh.6:53**
8. Priesters – status oor die mense, Ps.105:15	**8. Geen status in die liggaam van Christus nie, Matt.23:8-11, 1 Kor.14:29**
9. Net priesters, profete en konings gesalf, Ps.105:15	**9. Almal vervul met Heilige Gees, Hand.2, Gawes vir almal, 1 Kor.14:1**
10. Net priesters kon in die tempel bedien, Num.18:2-3	**10. Bediening en gawes vir almal, Heb.5:12, 1 Kor.14:1-3, 1 Kor.14:26**
11. Vorm van byeenkoms, Tempel, sinagoges met priesters	**11. Nuwe vorm van byeenkoms "twee of drie" Matt.18:20, 1Kor.14:26**
12. Wet van Moses op kliptafels	**12. Op harte, Eseg.36:26, Wet van Liefde, Joh.13:34, Koninklike Wet,Jak.2:8**
13. Net Hoë Priester in God se teenwoordigheid	**13. Alle gelowiges enige tyd deur geloof in Jesus se bloed, Heb.13:5**
14. Uiterlike, vleeslike besnydenis nodig vir insluiting in Joodse Verbondsvolk Gen.17:11	**14. Innerlike besnydenis van die hart, geestelike wedergeboorte nodig om die Koninkryk van God te sien, Joh.3:3, Kol.2:11-13**

Slotsom

Op verskillende vlakke word baie gemeentes beïnvloed deur beginsels van die Ou Verbond en deur die tradsies van mense. Seker die bekendste een is die feit dat die steen gebou waarin byeenkomste gehou word, die "kerk," die "huis van die Here" genoem word, dit ten spyte van die Skrif wat verklar: "*Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is... woon nie in tempels met hande gemaak nie"* **(Hand.17:24).** As die beginsels van die Nuwe Testament ernstig sou opgeneem word, sou baie gemeentes radikale veranderinge moes aanbring in die model van die kerk wat hulle volg en in die manier wat daar byeenkomste gehou word! Die regiede vasklou aan tradisies wat nie ooreenstem met die Nuwe Testament nie, verhoed dat baie gemeentes "nuwe wynsakke" word.

Nick Maartens
Jeffreysbaai, 0827826074, nickmaartens@hotmail.com